

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 27 Mei 2018 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 37:2, 14 (p. 182)

- 2 Vertrou op God: die hart en hand / in troue diens aan Hom verpand.  
Verlustig jou in Hom altyd / wat mild'lik gee en nooit verwyf.
  
- 14 'n Man se stap is vas en heg / as God behae 't in sy weg;  
en as hy val, dan bied Gods hand / hom hulp en wisse onderstand.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 103:1, 10 (p. 504 )

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
  
- 10 God het sy stoel gebou bo lug en wolke, / van waar Hy heers as Koning van die volke,  
as HEER van alles op die wêreldrond. / Loof, loof die HEER, o al sy leërmagte,  
o eng'le, wat met will'ge heldekragte / die woord volbring wat uitgaan uit sy mond!

Gebed

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
  
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

**Skriflesing:** Efesiërs 2:1-10; Heidelbergse Kategismus, Sondag 33:91

**Kernvers:** Efesiërs 2:10

**Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.**

(Efesiërs 2:10 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 91: Wat is goeie werke?**

*Antwoord: Slegs dié wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b) tot sy eer gedoen word (c), en nie dié wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).*

*(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Efes 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.*

## Tema: Ware verlossing loop uit op goeie werke

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens oor verlossing en goeie werke praat, is daar twee denkfoute wat mense geneig is om te maak. Aan die een kant is daar die mense wat dink dat jy met jou goeie werke die Here kan beïndruk sodat Hy nie anders kan as om jou te aanvaar nie. Hierdie groep mense dink dat jy met jou goeie werke moet sorg dat jy verlos word. Daar is ook 'n deel van hierdie groep mense wat nie heeltemal daarmee saamstem dat die mens met sy goeie werke alleen die Here moet oorhaal om hom te verlos nie.

Daar moet immers nog 'n plek vir Christus wees in die verlossing van die mens. Daarom sal hulle sê dat Christus gekom het om mense te verlos, maar nou moet die mens met sy goeie werke verder gaan om sy verlossing te voltooi. Gereformeerde gelowiges sal dadelik sê dat daar geen manier is dat 'n mens met sy goeie werke iets kan doen om verlos te word nie. 'n Mens se goeie werke kan nie eers 'n deeltjie – hoe klein ook al – bydra tot die mens se verlossing nie. Die enigste werk wat voor God die Vader kan stand hou, moet volmaak wees. En daar is geen mens onder aardbewoners wat volmaakte werk kan lewer nie. Hieroor het ons al by Sondag 24 gepraat.

Protestantse gelowiges sê baie duidelik dat 'n mens deur Christus alleen verlos word, want Hy is die enigste Een wat volmaak die Wet van God kan gehoorsaam en volmaak die prys vir die sonde van mense kon betaal. Die enigste manier waarop 'n mens deel kan kry aan hierdie verlossing wat Christus bewerk het, is deur die geloof. Tot hiertoe is die Protestantse gelowige heeltemal reg. Maar nou gaan hulle sover om ook dan te sê dat 'n gelowige se goeie werke absoluut niks met sy verlossing te doen het nie. Om die waarheid te sê, as 'n gelowige een maal deur Christus verlos is, kan dit nooit verander nie. Daarom maak dit nie eens saak hoe sy lewe lyk nadat hy sy geloof in Christus bely het nie.

Wie tot dusver saam met ons die reeks aan die hand van Heidelbergse Kategismus gevolg het, sal dadelik aanvoel dat so 'n manier van redeneer tog nie waar kan wees nie. God het mos nie mense deur Christus verlos sodat hulle maar kan lewe soos wat hulle wil nie. Christus verlos mense ook nie om maar net die ewige lewe te ontvang nie. Christus verlos nie mense sodat hulle heel eerste en alleen voordeel daaruit kry nie. Wat die Here ook al doen, doen Hy in die eerste plek ter wille van Homself. Hy is immers God en Hy het volle en alleenseggenkap oor die mense wat Hy verlos, daarom noem hulle Hom Here.

In ons kernvers onderrig die Heilige Gees ons sodat ons nie een van hierdie denkfoute sal maak nie. In hierdie vers hoor ons dat ware verlossing noodwendig uitmond in 'n lewe van goeie werke. Ons hoor ook dat die verlossing van 'n mens van begin tot einde die werk van God. Daarom kom al die roem vir die verlossing net God toe, selfs as die Heilige Gees die gelowige sover bring om in pas met Hom in die voetspore van Christus die goeie werke te doen.

Om agter te kom hoekom die ware verlossing in 'n lewe van goeie werke uitmond, moet ons eers raaksien dat die ware verlossing beteken dat God die mens herskep. Vers 10 begin: **Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus ...** In die oorspronklike word dit beklemtoon dat gelowiges die handwerk van God alleen is. In die hele gedeelte van Efesiërs 1:3 af maak die Heilige Gees dit duidelik. Dit is God wat die gelowiges nog voor die skepping van die wêreld in Christus uitverkies het. Gelowiges het niks met hulle uitverkiesing te doen nie. En die mense wat deur God uitverkies is, het Hy ook uit die dood van hulle sonde opgewek in 'n nuwe lewe saam met Christus. Net soos wat God die res van die geskape wêreld uit niks geskep het, so het Hy die gelowiges in Christus deur sy krag herskep – van mense wat dood is in die sonde tot lewende gelowiges.

Elkeen wat deur die Heilige Gees tot geloof in Christus gebring is en deur die geloof in Christus ingelyf is, is 'n nuwe skepping. En dit is God alleen wat kan skep. Daarom is die hele proses van uitverkiesing en verlossing deur Christus net God se werk alleen. Net soos wat die bome en blomme nie oor hulle skoonheid kan spog asof hulle iets daarmee te doen het nie, net so kan 'n gelowige nie spog asof hy enigiets te doen het met sy verlossing nie. En alles wat God gedoen het om van 'n sondaar 'n gelowige te maak, het Hy in Christus gedoen. In Christus is die gelowige uitverkies. In Christus is sy verlossing verseker. In Christus is sy voortbestaan as gelowige gewaarborg. Daarom kom al die roem en eer die Drie-enige God toe.

Waarom word 'n gelowige 'n nuwe skepping of 'n herskepping van God genoem? God het 'n hartoperasie op die sondaar uitgevoer. Hy het sy kliphart uitgehaal en vir hom 'n hart van vlees gegee sodat hy nou as 'n gelowige die Here kan gehoorsaam. Omdat die Heilige Gees die geloof in die gelowige gegee het, verander hy die gelowige se natuurlike geaardheid om vyandig te wees teenoor God na 'n geaardheid waar die gelowige homself gewillig aan God wil onderwerp en Jesus se heerskappy oor hom erken. Dit is so dat selfs ware gelowiges ook nog sonde doen, maar deur die werking van die Heilige Gees in hulle haat hulle die sonde en vlug daarvan af weg. As daar nie so 'n verandering in 'n mens plaasgevind het nie, moet 'n mens jouself afvra of jy in Christus herskep is.

Die mense wat dink dat as jy verlos is deur Christus kan jy maar lewe soos wat jy wil, het nie mooi geluister wat die Here in sy Woord vir ons leer nie. Ware verlossing beteken dat die mens besig bly met ware bekering wat bestaan uit die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Daar is by die gelowige die aanhoudende strewe na 'n lewe waarin hy sy liefde vir Christus duidelik maak. Daarom doen die ware gelowige ook goeie werke.

Gelowiges word nie verlos deur hulle goeie werke nie, maar Christus het hulle verlos vir goeie werke. Dit is wat die Heilige Gees vir ons hier sê: **Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke.** Ware verlossing kan nie anders nie as om uit te mond in 'n lewe van goeie werke.

Jesus leer dit vir ons op 'n baie eenvoudige wyse wanneer Hy ons waarsku teen die valse profete.

**Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druive van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.** (Matteus 7:15-17 AFR53)

Iemand aan wie die Heilige Gees die wedergeboorte geskenk het en deur die ware geloof in Christus ingelyf is, groei tog uit Christus en dra dan vrugte van die ware geloof – hy doen dan goeie werke. Goeie werke kom voort uit 'n ware geloof, want sonder geloof is dit onmoontlik om God tevrede te stel (Heb 11:6). Nie alle werke kan as goeie werke beskou word nie.

Baie maal sal jy twee mense teëkom wat op die oog af dieselfde ding doen. Albei van hulle kan byvoorbeeld 'n groot som geld aan 'n kindershuis gee. Op grond van wat die twee mense gedoen het, sal mense sê dat albei daardie mense goeie mense is, al is een van hulle 'n ongelowige. Mense sien net die werk raak wat die twee gedoen het. God sien egter hulle harte raak. Die gelowige het die groot som geld gegee uit die ware geloof wat die Heilige Gees aan hom geskenk het. Omdat hy verlos is deur Christus weet die gelowige dat God van hom verwag om goeie werk te doen en hy doen dit met vreugde omdat hy God liefhet en dankbaar is vir die verlossing.

Goeie werke voldoen ook aan 'n sekere standaard – dit is werke wat volgens die Wet van God gedoen word. Dit wil sê die Wet van God is die standaard waaraan 'n werk moet voldoen om 'n goeie werk genoem te word. Vir baie mense is liefde oënskynlik die standaard waaraan die optrede van mense gemeet moet word. Daar is byvoorbeeld 'n jong mens wat besig is om te sterf as gevolg van 'n verskriklike pynlike siekte waaraan die dokters niks kan doen nie. Dag na dag word die jong mens net swakker. Sommige mense redeneer dat 'n mens uit liefde so 'n sieke eerder 'n waardige dood moet laat sterf. Daarom wil hulle graag dat genadedood gewettig moet word.

In die Wet verbied die Here ons dat ons iemand mag doodmaak. Net God alleen het die sê oor lewe en dood. Mense wil so 'n siek mens 'n genadedood laat sterf deur middel van inspuiting. Die Here noem so 'n dood moord. Liefde vir jou naaste kan dus nie die standaard wees waaraan 'n mens meet of 'n werk goed is of nie. Die mens kan ook nie self bepaal wat reg en verkeerd is nie. God is die Wetgewer. Hy sê wat is reg en verkeerd. Daarmee sê ons nie dat die Wet en liefde mekaar opponeer nie. Liefde is immers die vervulling van die wet. Maar die eerste en grootste gebod is dat 'n mens God moet liefhê. En hierdie liefde vir God wys jy juis deur die Wet van die Here te gehoorsaam, sê Jesus (Joh 14:15).

'n Goeie werk is dus 'n werk wat voortspruit uit 'n ware geloof en dit voldoen aan die standaard van God se Wet. Maar goeie werke het ook 'n doel. 'n Mens doen nie 'n goeie werk om applous van mense te kry nie. Die gelowige doen sy goeie werke om God te verheerlik. Dit wil sê net die werke wat God verheerlik, kan regtig as 'n goeie werk gekenmerk word.

Geliefdes, tot dusver het die Heilige Gees ons daarop gewys dat iemand wat waarlik verlos is 'n nuwe skepping van God is. Dit is 'n mens wat uit die dood van sy sonde opgewek is in die nuwe lewe saam met Christus. Ons het ook gehoor dat Christus die gelowige verlos het om goeie werke te doen, en ons bely watter werke kan dan nou as goeie werke bestempel word. Oor hierdie goeie werke sê Paulus dat God dit vir die gelowiges voorberei het. God het dus nie net 'n gelowige uitverkies nie; Hy het ook die goeie werke vir die gelowige uitverkies. Weereens word dit beklemtoon dat God nie met die verlossing ophou werk aan die gelowiges nie. Maar ook in die heiligmaking van die gelowige om 'n godvrugtige lewe te lei, is die Here ten volle betrokke.

Wat beteken dit dat God dan die gelowiges se goeie werke vir hulle voorberei het? Een rede waarom God gelowiges se goeie werke voorberei het, is om hulle nederig te maak. Dink so daaraan: God het die gelowige se verlossing voor die skepping van die wêreld beplan en Hy het ook hulle goeie werke vir hulle beplan. Daarom het 'n gelowige geen rede om te spog wanneer hy iets vir die Here gedoen het nie. Hy het eenvoudig gedoen wat hy moes doen, want God het daardie goeie werke vir hom voorberei.

Daar is nog 'n rede. God het die goeie werke vir gelowiges voorberei sodat hulle nie met hulle eie projekte, wat hulle dink goed is, besig moet wees nie. Die predikers wat die voorspoedsteologie verkondig, sê dikwels vir hulle gehoor om hulle drome na te streef en die Here sal sorg dat hulle sukses sal bereik. Wie doen wat hy graag wil omdat dit sy droom is en meen dat die Here hom sal help omdat hy 'n Christen is, maak homself baas van sy lewe en die Here moet maar net help dat alles goed afloop.

Kom ons keer dit eerder om soos wat die Here dit bedoel. Jesus is nie die gelowige se dienskneg nie. Die gelowige is 'n dienskneg van die Jesus, daarom noem hy Hom Here. En as Jesus jou Here is en jy sy dienskneg is, besluit jy nie watter werk jy gaan doen nie.

Jy vra Hom: Here, wat wil U hê moet ek doen?

God het hierdie goeie werke vir die gelowiges voorberei sodat hulle daarin kan wandel, sê Paulus. God het die goeie werke voorberei nie om daarin te werk nie, maar daarin te wandel. Met ander woorde die goeie werke is die pad waarlangs die Here die gelowige lei om Hom in die geloof te volg. Dit is 'n pad van goeie werke, nie wat die gelowige vir God doen nie, maar wat God self deur middel van die gelowiges gaan uitvoer.

Die goeie werke wat vir die gelowiges voorberei is, is dus die nuwe lewenswyse van die gelowiges. Goeie werke is nie iets waarvoor jy jou vrywillig gaan aanbied nie. Dit is ook nie iets wat jy in jou vrye tyd gaan doen nie. Die gelowige se hele lewe word deur die goeie werke in beslag geneem, want die gelowige staan nou volkome in diens van God. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen 'n gewone lewe en 'n geestelike lewe nie. Watter werk 'n mens ook al doen, doen jy asof jy dit net vir die Here doen en nie vir mense nie. Daarom, watter werk 'n mens ook al doen by jou huis of skool of werkplek, dit is werk wat jy in diens van die Here doen. Daarom doen jy dit vanuit die geloof in ooreenstemming met die Wet en tot eer van God.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 86:5, 6 (p. 433)

- 5 Al die volke<sup>o</sup>in heidenlande – / eie maaksel van u hande –  
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.  
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:  
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
27 Mei 2018